PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

die WAPAD
*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*
JAARGANG XXV VRYDAG 16 OKTOBER 1970 NR. 14

J. Heidema
*Kerkstraat 48, Potchefstroom.*
Telefoon 5319
VIR PUKKE
DIÉ FIETSWINKEL

# EKSAMENSPOOK OP CAMPUS

**DIE EKSAMEN is reeds hier. Bloktyd begin vandag al — nadat Interfakultêre Wysbegeerte reeds afgelê is. Die stilte wat lankal merkbaar was, sal dan met mening toesak.**

Die tekens is lankal daar: 'n versnelde werktempo, minder glimlagte, spesiale aandklasse, en soms 'n driftiger wegbreek van alles. Die eksamenrooster is ou nuus, maar bly nog 'n onderwerp vir baie treurmares. Daar is nie 'n enkele student wat nie die eksamen met 'n krop senuwees op die maag tegemoet gaan nie.

Eksamenspanning is eintlik 'n siekte. Die simptome daarvan is legio: kort humeure, rooi oë, groter eetlus, laat brand van ligte, 'n soort verdwasing, hoë biblioteekdrukte en 'n aanhoudende gedreun van die Xeroxse. Gelukkig duur die marteling net van 26 Oktober tot 25 November.

Die grootste bron van spanning deesdae is die jaarpunte. Die bekommernis is eintlik te laat: die punte is klaar bereken. Heelwat studente kan uitsien na 'n goeie punt, maar daar is ook diegene wat die minimum van 35% net per geluk of glad nie sal haal nie. Die spanning sal nog 'n rukkie voortduur, want die fakulteitsrade wat die punte moet bespreek, sit eers volgende week.

Na verwagting sal 'n mens maar so van Maandag die bord kan begin dophou. Kennisgewings van bevorderings en nie-toelating word na die koshuise gepos. Mense wat dus weggaan vir bloktyd sal moet reël dat die kennisgewings onderskep word — die eksamenafdeling moet voor die aanvang van die eksamen weet of bevorderings aanvaar word of nie.

Daar is egter geen rede tot paniek nie. Die gemiddelde druipsyfer sedert 1965 tot 1969 was 17.8% vir mans en 8.1% vir dames. Die dames het dus minder te vrees. Vir eerstejaars is die syfers hoër: 22.2 en 13.4% onderskeidelik.

**Belangrike eksamenreëlings**

Vir die gerief van die eerstejaars, veral, haal ons 'n paar punte uit die eksamenvoorskrifte aan. Dit is belangrik om dié dinge in gedagte te hou.

1. Eksamenlokale word voor elke sessie op swartborde voor die Hoofgebou aangedui.


2. Aansoeke om 'n siekte-eksamen moet behoorlik deur 'n mediese sertifikaat bevestig word en moet op die voorgeskrewe vorm, by die Administrasie verkrygbaar, ingedien word.

3. 'n Siekte-eksamen in Februarie word nie in 'n deel van die vraestelle van 'n vak toegestaan nie. Eksamen moet weer in al die vraestelle afgelê word. Indien 'n student hom gesond genoeg ag om eksamen te skryf, kan hy nie later aansoek om siekte-eksamen doen nie.

4. In grensgevalle kan studente vir 'n mondelinge eksamen gedurende die eksamentydperk opgeroep word. Vakke waarin daar mondelinge eksamens is, sowel as die waarin daar nie sulke eksamens is nie, word tydens die eksamentydperk op die hoofkennisgewingbord aangebring. Voordat studente dus huis toe vertrek, moet hulle vasstel of daar mondelinge eksamens in hulle vakke is. Indien studente nie op die vasgestelde datum opdaag nie, verval die mondelinge eksamen.

Die gelukkiges sal al so teen die begin van November huis toe kan gaan — mits hulle nie 'n mondelinge eksamen hoef af te lê nie. Heelwat sal maar tot 25 November toe moet vasbyt. Die dosente moet nog tot 8 Desember bly voor hulle vakansie kan gaan hou.

## Daar he'jy dit




ONS NOEM DIT SOMMER BLOKTYD, EERSTEJAAR.

# *Pukke wen sing-songs*

**„MET DIE eksamen op hande is die afgelope intervarsity nog fris in die geheue", het mnr. Ockie Raubenheimer tydens 'n onderhoud met Die Wapad gesê.**

Inteendeel, wie sal die treinrit, die koue, 19-16, sing-songs en die Saterdagaand se onthaal by Kovsies vergeet? Meneer Raubenheimer wou nie sy mening oor die hoofwedstryd gee nie. Dit is genoeg om te sê dat dit vir weke lank die belangrikste punt op die agenda om die teekan was.

Op die pawiljoen het die Pukmassa soos een man agter die Theos gestaan. Nog nooit was daar soveel Pukke in Bloemfontein op een dag nie. Die Pukke het nie vir een oomblik teleurgestel nie. Daar het 'n groot opgewonde gees geheers, ten spyte van die feit dat alles in die guns van die Kovsies was.

Volgende jaar word Intervarsity hier gehou. Gesien in die lig van ons steeds groter wordende studentemassa en die beperkte sitplekke op die pawiljoen, word daar beoog om volgende jaar die boekiestempel metode by sing-songs in te stel, aldus mnr. Raubenheimer. Daar word ook 'n eenvormige Intervarsity-trui vir elke Puk-student beoog.

Die skaakreëlings sal beslis aandag geniet, want die Pukke wil die Kovsies se rasieleier minstens 'n week voor Intervarsity in Potchefstroom hê.

# BIBLIOTEEK DOEN ERNSTIGE BEROEP

**VOLGENS DIE uitleenrekords van die Ferdinand Postmabiblioteek lyk dit of daar tans 'n reusepoging op akademiese gebied op die kampus van die P.U. vir C.H.O. aangewend word. Daar is tans nog 'n groot getal biblioteekboeke aan studente uitgeleen.**

'n Feit wat by die biblioteekowerhede kommer wek, is dat baie boeke uitgeleen is waarvan die leentydperk reeds verstryk het. Die biblioteekpersoneel is tans besig om hierdie biblioteekgebruikers per brief en per aanmaningskaarte te herinner om die boeke terug te bring.

Elke jaar word ondervind dat sodra bloktyd en die eksamens begin daar nie altyd vir die leners tyd is om biblioteekboeke in te handig nie. Aan die einde van die jaar kom talle boeke uit die koshuise wat deur studente by hulle vertrek eenvoudig agtergelaat is.

Om hierdie probleem vanjaar die hoof te bied, het die Biblioteek met 'n ernstige veldtog begin om alle agterstallige boeke terug te kry. Hoewel daar nie graag tot so 'n drastiese stap soos die heffing van boetegeld oorgegaan word nie, het die biblioteekpersoneel opdrag gekry om hierdie bepaling van die Biblioteekreglement vanaf Woens-

★ *Vervolg op bladsy 7*

# ALABAMA VEROWER DIE GOUDSTAD

**'N LAASTE vesting het Maandag 5 Oktober geval met Alabama se vertoning in Johannesburg se stadskouburg. Dit was die laaste opvoering en twee weke voor die tyd was die Skouburg al vol bespreek.**

Nie net die gehoor het 'n genoeglike aand gehad nie. Die Alabamalede self was hoogs ingenome en tevrede met die laaste aand. Die plan is om volgende jaar twee aande in Johannesburg op te tree.

Dat die Alabama-ouens stamina het is gewis, want die hele Maandagmiddag is gewy aan fliekmaak. Die prent word deur die departement van inligting vir buitelandse verspreiding vrygestel, met die doel om 'n beeld van die Afrikaner se kulturele lewe daar te stel.

Wat die verskyning van die plaat betref het daar 'n tegniese fout ingesluip wat die vrystelling soveel vertraag dat die plaat nie voor 20 Oktober beskikbaar sal wees nie.

Met Revue 70 skaars verby, begin die planne vir 1971 reeds vorm aanneem. Die beoogde toerplan sal die Vaaldriehoek en die Rand insluit, met Suidwes-Afrika as die eintlike doel — en dit sal 'n aangename verrassing wees vir diegene wat Alabama in 1966 met die Drie Astertjies in S.W.A. gesien het.



**Deon Erasmus, primarius van Heimat, oorhandig die koshuis se nuwe sakwapen aan die koshuisvader, prof. W. N. Coetzee.**
*Berig op bladsy 2*
**Foto-Fotokuns.**

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

### TE HUUR

KAMER met privaat badkamer in sentrale dorp vir manstudent. Onmiddellik beskikbaar. Bel 3631 Potchefstroom vir besonderhede.

Wooi

## HENGELBESTUUR

Die hengelbestuur bestaan uit: beskermheer: prof. S. J. Preller, voorsitter: Theron Krüger, sekretaris-penningmeester: Chris Fourie, addisionele lede: Bom Wenteler, Piet Roodt.

# WAT DIE KOSHUISE IN 1971 GAAN DOEN

Die Wapad het die primarii en primariae van die Puk-koshuise versoek om kortliks hul siening van 1971 te stel. Die onderskeie beleidsverklarings volg hieronder.

### OVER DE VOOR

Gelukkig is die huiskomitee wat tot diens kan wees van 'n koshuis — so vol van bruisende energie soos Over de Voor.

In volle besef van die unieke aard van ons koshuis en met erkenning van die eie identiteit van ander sien ons die vlakke van verskil. Verskil tussen die koshuise en sien ons ook vlakke van hartlike samewerking tot eer van die universiteit.

Die koshuis benadet die tradisionele koshuislewenstyl met 'n nuwe frisheid en met geesdrif wat alleen sukses kan bring.

Saam pak Over de Voor die nuwe jaar met al sy gebeurlikhede soos Taaibos en karnaval aan met die breë Over de Voor-glimlag.

Die volgende is die gekose Huiskomiteelede:

Theuns Kruger, Jerry Coetzee, Wally van der Walt, Kerneels van Niekerk en Leo van Schaik.

Aalwyn P. Kraamwinkel.

### LIBERALIA

Die grondslag van studentwees word in jou eerste jaar op universiteit gelê.

Dit is dan die taak en verantwoordelikheid van elke senior student (derde jaar en hoër) in die koshuis, in samewerking met die Huiskomiteelede, om die goeie grondslag wat vir hom gelê is op eg seniorwyse oor te dra aan 'n eerstejaar binne die bepaling van die koshuisreglement.

'n Eenheid en 'n wedersydse gevoel van samewerking kan dan in die koshuis ontstaan wat die grondslag lê vir ware P.U.-kaner wees.

Tiaan Coetzee.

### THABA YÄH

Thaba Yäh is 'n ou koshuis, maar die huidige inwoners woon nog nie lank saam nie.

Die afgelope jaar het ons weer op verskeie gebiede presteer, en onder andere vir die tweede agtereenvolgende jaar die koshuis rugbybeker verower.

1971 Republiekfeesjaar — 'n nuwe jaar met nuwe uitdagings en nuwe moontlikhede vir Thaba Yäh.

Ek wil nie hiermee idealistiese beloftes maak nie, maar slegs 'n paar van ons beoogde doelstellings vir die nuwe termyn skets.

As huiskomitee sal ons poog om verder uit te bou op die fondamente van ons koshuis wat in die verlede daargestel is.

Ons stel ten doel om ons eerstejaars in te lyf in die beginsels en tradisies van ons Universiteit en koshuis, om hulle sodoende in te skakel by ons studentelewe.

Die ander lede van die huiskomitee is: Kadot van Heerden en Ben van der Merwe.

Victor Botes.

### KULU

Kulu gaan verder bou op die fondament wat reeds gelê is. Ons gaan probeer om kleur en afronding aan alle koshuisaksies te gee.

Ons sal strewe na 'n gebalanseerde verhouding tussen akademie, sport en sosiale lewe.

Geluk, vrede en regverdigheid is ons leuse en almal wat in 1971 in Kulu woon, sal trots wees daarop.

Koos Lee.

### MAKOUVLEI

My beleid is nie gebasseer op 'n emosionele lawaai en leë beloftes nie, maar gegrond op sy Woord en wel seker Prediker 11 : 9. Dus, hoewel nie die gewildste nie, glo ek vas dat dit uitvoerbaar is!

Dit is my vaste oortuiging dat die Universiteit se studentegees spruit uit die gees wat heers in koshuise, en besonder die gesonde gees van elke student. Elkeen is soos 'n steen in hierdie geliefde „Universiteitsgebou", waaraan ons bou.

Daarom glo ek om hierdie gebou te verstewig en te verewig, moet ons as koshuise leiding neem. Hier lê die taak van Makouvlei.

Omdat Makouvlei 'n jong koshuis in gees is en uitkyk op sake het, besef ek wat hierdie jongmanne verlang van die lewe. Ons as Huiskomitee van 1971 is bereid om hulle die geleentheid te gee om hierdie hoop en ambisie te vervul — ons sal dien!

Ons sal in ons besluite steeds tred hou met die tyd, met ons oog gerig op Hom. Ons is vas oortuig dat jongmanne gelewer sal word waarop ons almal trots kan wees.

Ek is egter saam met my medekoshuislede tot niks in staat sonder sy genade en bystand nie. Dit is in hierdie lig dat ek die jaar 1971 gaan aanpak, saam met John Stonlake en Theron Kruger.

Kobus Kotzé.

### HEIDE

In 1971 sal ek poog, met die hulp van die inwoners van Heide, om voort te bou aan 'n tradisie wat eie aan Heide is.

Ons moet op die kampus geken word as die koshuis vol gees en pret, wat aktief deelneem aan alle studente-aktiwiteite. Deur 'n goeie koshuisgees te bou sal Heide dan ook so sy deel kan bydra om 'n nuwe gees in die Pukmassa te bring. Reeds in sy eerstejaar het Heide al as koshuis op talle gebiede presteer en so hoop ek sal ons kan voortgaan in die volgende jaar.

Magda Brummer.

### KARLIEN

'n Koshuis sonder gees is nie 'n koshuis in die ware sin van die woord nie. 'n Groot mate van die gees word bepaal deur die verhouding tussen seniors en eerstejaars. Ons doel met die oriëntering is om die eerstejaars so spoedig moontlik by die universiteitsamelewing en koshuis in te skakel.

Eers wanneer hulle volwaardig lid van die koshuise is is hulle in staat om hulle volle kragte by die koshuis-aktiwiteite in te werp.

Wat die interkoshuis-sportkompetisies betref het Karlien reeds vanjaar baie moontlikhede getoon. Volgende jaar moet die potensiaal uitgebou word.

Om te voorkom dat slegs enkele dames aan die aktiwiteite deelneem, gaan sportkompetisies gehou word tussen die seniors en eerstejaars.

Verder sal ons voortgaan in die ou tradisionele PUK-styl.

Retha van der Berg.

### KLAWERHOF

En eindelik staan ons weer in die tydperk van die jaar wanneer elke optimistiese student uitreik na die, tot nog toe verbode 365 dae van 1971!

Soveel dae — soveel geleenthede wat braak lê om deur sowel groentjie as veteraan Puk bewerk te word. Gesien in die lig van die toenemende uitbreidings en studentetal, sal dit van een en elk verwag word om met gelyke krag aan die Pukploeg te trek.

Daarom sal die dames van Klawerhof in hulle doen en denke elke dag van 1971 opdra aan hulle Universiteit.

Hettie Steenkamp.

★ *Die huiskomitees verskyn op bladsy 5.*

## Heimat kry unieke sakwapen

DIE ontvangs van 'n eie unieke sakwapen was vir die inwoners van Heimat die vervulling van 'n langgekoesterde ideaal.

Dit is die eerste en enigste sakwapen, behalwe die amptelike Universiteitswapen, wat deur die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, goedgekeur is. Alleen persone wat voldoen aan die kleurvereistes mag dié wapen dra.

Die wapen is deur die primarius van Heimat, mnr. Deon Erasmus, aan die huisvader, prof. W. N. Coetzee, oorhandig. Prof. Coetzee is ook herkies as huisvader vir 'n verdere termyn van vyf jaar. Hy is self 'n oud-Heimatter. (Sien foto elders.)

**ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG**

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

**UNIEWINKELS**

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)
POTCHEFSTROOM

**STUDENTS**

**Every department in our company will be employing students during the vacation. Applicants must have the ability to grasp a new job quickly, like working on their own initiative and be able to start immediately, Earnings vary from one department to another:**

**R250 - R280**

**is an average of past students. This is adjusted to the ability of the individual applicant.**

| Branch | Tel. No.'s |
|---|---|
| Johannesburg | 233669 |
| Pretoria | 46302 |
| Cape Town | 22117 |
| Port Elizabeth | 28848 |
| Welkom | 27489 |
| Salisbury | 20742 |
| Durban call nearest branch. | |
| East London | see PE. |

## PUK SLUIT DONDERDAE

DIE Raad het op sy afgelope vergadering verskeie wysigings in die datumrooster vir 1971 goedgekeur. Die afsluiting vir die Aprilvakansie is verskuif van 31 Maart na Vrydag 2 April en die einde van die eerste semester is bepaal vir Vrydag 25 Junie in plaas van 30 Junie. Die begin van die tweede semester is verskuif van 28 Julie na Dinsdag 27 Julie en die afsluiting van alle lesings en praktika vir 1971 vind plaas op Donderdag 14 Oktober.

Verskeie dosente voel dat die afsluiting op Woensdae veroorsaak dat 'n groot persentasie van die studente se vakansie alreeds die vorige naweek begin. Die sluiting op Vrydae sal verhoed dat studente vroeër huis toe gaan. Om dieselfde rede sal heropenings in die toekoms waar moontlik op Maandae of Dinsdae plaasvind.


Die Raad het verder op aanbeveling van die Senaat besluit dat die gradedae vir 1971 op Vrydag 23 April en Saterdag 24 April sal plaasvind. 1 Februarie 1971 is gestel as die laaste datum waarop proefskrifte en verhandelings ingedien kan word.

## Bybeluitstalling ontlok belangstelling

AS bydrae tot die Bybeljaar het 'n gesamentlike komitee van die P.U. en Teologiese Skool onder voorsitterskap van prof. S. du Toit die afgelope week 'n Bybeluitstalling by die P.U. gehou. Bybels van verskillende formate en tale is aan die publiek bekendgestel.

Wat veral die aandag getrek het, was Bybels in Sjinees, Japannees en Arabies. Daar was verder verskeie uitgawes van die Bybel in Afrikaans, Engels, Frans, Spaans, Tjeggies en ander moderne tale sowel as uitgawes van die Bybel in die oorspronklike Grieks, Hebreeus en Latyn. Die Ferdinand Postma-biblioteek se faksimilee van die Gutenberg-Bybel en Statebybels van die sewentiende eeu en later het groot belangstelling gewek.

'n Bybel wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog uit die vuur gered is by Ventersburg, sowel as die versameling Bybels waaruit Totius gewerk het, is ook uitgestal.




## PRATERY VOORKOM AGRESSIE

**DR. LUCAS, 'n kliniese psigoloog uit die V.S.A., het op 7 Oktober 'n lesing oor aggressie by kinders voor tweede- en derdejaarstudente en 'n aantal dosente van die sielkundedepartement gehou.**

Sy praktiseer tans self, maar het reeds baie ervaring opgedoen, onder andere by die California State College waar sy mede-professor was, en die Rice-Davids Child Guidance Centre.

In die V.S.A., het dr. Lucas gesê, vind hulle terapie-in-isolasie minder effektief as groepsterapie, veral in klein groepies wat op wedersydse kommunikasie tussen lede ingestel is, die sg. „sensitivity groups". Sy meen dat die meeste geesteskwale deur onvoldoende terugvoer veroorsaak word. As demonstrasie van haar metode het sy 'n interessante projektiewe tegniek waardeur die kind sy gevoelens in 'n miniatuur toneelopset uit, getoon.

Die onderdrukking van aggressie kom, aldus haar, baie algemeen voor, en dit gee aanleiding tot maagsere en ander psigofisiologiese kwale. Die geslaagde hantering van aggressie is belangrik vir geestesgesondheid. Die geestesgesonde mens openbaar 'n mindere mate van emosionele konflik op dié gebied as die geestessieke.

Dr. Lucas het voorts met lof van die kliniese werk in ons land gepraat en gesê dat daar baie ooreenkomste tussen ons land en hare is, 'n stryd om vryheid en 'n sekere oopheid, onder andere.

## GERDA HARTMAN LOK WAARDERING UIT

**Sopraan: Gerda Hartman.**
**Konservatorium.**
**Dinsdag 6 Oktober 1970.**

**DIT IS JAMMER dat die puik liedereaand deur die Suid-Afrikaanse sopraan, Gerda Harman, deur so min studente bygewoon is. Sy het liedere van Schubert, Wolf, Van Wyk, Poulenc en Mahler gesing.**

Alhoewel sy nog net twee uitvoerings gelewer het, naamlik in Pretoria en Potchefstroom, het sy reeds die hoë waardering van Suid-Afrikaanse kritici uitgelok. Mej. Hartman beskik oor 'n besonder liriese sopraan-kwaliteit, sy is intens musikaal en het reeds 'n verbasende aanvoeling vir verskillende stemmige wat sy moet vertolk.

Sy beskik oor die besondere vermoë om met 'n karaktervolle stem, soepele gelaatspel en duidelike frasering elke lied oortuigend aan haar luisteraars oor te dra.

Mej. Hartman is deur prof. Pieter de Villiers van die Musiekdepartement begelei. Sy sal nog optredes lewer in Klerksdorp, Kemptonpark en Standerton. Sy het ook onder meer 'n program met die S.A.U.K.-orkes opgeneem vir uitsending op Geloftedag.

Mej. Hartman het aan die Universiteit van Pretoria gestudeer. Sy het verskeie beurse verower waaronder ook 'n beurs van die Universiteit van Suid-Afrika. In 1967 is sy na Londen waar sy onder Mary Makower studeer. Tydens haar studieverblyf aldaar het sy 'n beurs verower wat haar in staat stel om vir twee jaar onder Pierre Belnac te studeer.

Vroeër vanjaar het sy 'n internasionale sangkompetisie in Parys gewen, wat haar in staat stel om haar sangstudies in Oostenryk voort te sit. Mej. Hartman vertrek op 19 Oktober na Salzburg vir verdere studie aan die Mozarteum.




**Die derdejaardames van die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde afgeneem tydens 'n uitstalling in die Totiussaal wat deur nagenoeg agthonderd belangstellendes bygewoon is. V.l.n.r.: Judy Fouche, juffrou V. Moll (lektrise in Dieetkunde), Philipa Potgieter, Estel Naude en Petro Wolmarans.**
**(Foto: Fotokuns)**

AS TWEE GROTES
SAAMSPAN
KRY JY
DIE WENSPAN

SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Kerkplein 13, Pretoria.
Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

die WAPAD

IN U LIG

VRYDAG 16 OKTOBER 1970

## Verskopte dwerge

Veral die afgelope jaar het die Afrikaanse Student die skyf gevorm vir ongeregverdigde sowel as goedbedoelde kritiek uit verskeie oorde, gerig teen die Afrikaanse Student in die algemeen en in die besonder ook teen sy samesnoerende organisasie.

Die PUKKE kan hulle seer sekerlik nie self vrywaar as deel van die skyf nie. Wat op hierdie stadium van die jaar egter relevant is, is om seker te maak dat die eise wat die akademiese aspek stel, afgerond aan voldoen word. Hierdie aspek van studentwees, en dan ook hierdie aspek van studentwees aan hierdie Universiteit, vorm deel van die geheel wat bekend staan, of moet bekend staan, as PUK-student.

Akademiese voorbereidheid en skoling dra by tot 'n dinamiese, kritiese ingesteldheid wat alle dade beheers, alle roem op voortreflike dade afwys en met die nodige agtergrond selfs die pad kan aandui vorentoe.

Sonder om op die voorpunt te wees, of daar te probeer wees, moet ywer aan die dag gelê word, dit aangebied kan word met vrymoedigheid en in 'n bepaalde vorm en gestalte.

## Die einde en die begin

By die aanvang van 'n termyn is dit nie alleen gepas om 'n woord van dank te rig nie, maar ook om die sluier ietwat te probeer lig ten opsigte van die onmiddellike toekoms.

Aan die redaksie van Die Wapad onder leiding van Dawie Swanepoel — julle het julle werk bekwaam gedoen. Diegene wat ywerig meegewerk het in die georganiseerde studentelewe — julle verdien dank wat julle nie op aanspraak maak nie. Die massa enkelinge — strooi die kampus met pamflette van 'n eie aard.

Aan my kollegas op die ander Kampusse: Laat ons mekaar slyp en opvryf binne die kader van goeie smaak. Die Studenteraad kan staatmaak op ondersteuning van hierdie blad vir soverre dit nodig en geregverdig is.

Ook is ek seker daarvan dat die publiek van Potchefstroom en die betrokke instansies in die dorp verantwoordelike sienings sal nahou op studente-aangeleenthede en sal kla wanneer dit nodig is, maar dan sal kla by wie dit sal help.

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

Vier u groot geleentheid met Rentmeester

'n Verlowing. Bevordering. Huwelik. Baba. Elke lewe het sy groot oomblikke. Hoe kan 'n mens jou geluk 'n bietjie meer permanent maak? Raadpleeg Rentmeester. Elke Rentmeester-polis beteken 'n bestendiger toekoms. Vier dus u volgende groot geleentheid met Rentmeester. Dan is u van lewenslange gemoedsrus verseker.

Rentmeester
VERSEKERAARS BEPERK
Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 219, Pretoria. Tel. 3-1258
VOLLEDIGE BEPLANDE LEWENS-VERSEKERING VERSKAF GEMOEDSRUS
adverto 4129/a

# A.S.B. BESTEE AANDAG AAN VERANDERINGS

**VERSKEIE prakties-organisatoriese veranderings binne die A.S.B. is op 'n onlangse Hoofbestuursvergadering te Bloemfontein goedgekeur. Heelwat aandag is gegee aan aangeleenthede wat die interne struktuur en die vlotter verloop van sake kan bevorder.**

Alle direkteure, sowel op hoofbestuursvlak as plaaslik, wat te doen het met studiestukke oor bepaalde onderwerpe, sal in die toekoms te doen hê met *projekte* wat aangepak word. Sodanige projekte sal ook oor meer as een jaar kan strek en die hulp van buite-persone kan ook gebruik word. Die hele Kleurlingkwessie word as 'n moontlike projek oorweeg.

Die nuutverkose president, mnr. R. P. (Roelf) Meyer van U.O.V.S., het reeds die kampus besoek en met die Studenteraad en die A.S.B.-komitee beraadslaag oor die werksaamhede vir die volgende termyn.

**Kuesta verskuif**

Kuesta 71 sal gedurende Juliemaand plaasvind te Pretoria. Praktiese probleme maak die aanbied gedurende Aprilmaand, soos voorheen aangekondig, onmoontlik. Die kongres sal op die kampus van Stellenbosch gedurende dieselfde tyd plaasvind. Hoewel oorvleueling plaasvind word daar tog gevoel dat geen afbreuk aan enigeen van die aksies gedoen sal word nie.

Die reëlingskomitee vir Kuesta beplan 'n projek wat deur ongeveer twee duisend studente bygewoon sal kan word. Bykans enige belangstelling sal beoefen kan word.

**Finansies**

Die hoofbestuur het weggedoen met die *per capita* berekening van affiliasiegelde. Voortaan sal die finansiële verpligtinge op 'n *skaal*basis bereken word. Na verneem word sal dit meebring dat die Puk ongeveer R80 meer sal moet betaal.

Die hoofbestuur beveel ook by die onderskeie studenterade aan dat reiskostes na en van hoofbestuursvergaderings deur die studenterade gedra word. Dit sal waarskynlik die plaaslike Studenteraad se verpligtings met 'n verdere R150 verhoog.

**Studenteraadskonferensie**

In opvolging van memoranda van die Universiteit van Pretoria is besluit om 'n Studenteraadskonferensie te belê. Die direkteur vir algemene studentebelange is met die reëlings belas. Dit is nog nie seker wanneer sodanige konferensie sal plaasvind nie.

Aandag word gegee aan 'n verbeterde wyse van referaatlewering. Referente sal in die toekoms gesamentlik konfereer oor die inhoud en aanbieding. Referate sal ook nie meer aan sentra opgedra word nie, maar aan *spesifieke referente* wat aangewys word deur die hoofbestuur.

Alle kongresstukke sal vooraf sirkuleer om genoegsame geleentheid vir voorbereiding te skep. Hierdie voorgenome veranderinge volg op 'n mosie van mnre. L. M. du Plessis en J. J. Snyman op die afgelope kongres.

## WAPAD-REDAKSIE

Persone wat belangstel om in die redakise van **Die Wapad** te dien kan aansoeke in die bussie van **Die Wapad** plaas. Aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige adres en telefoonnommer. Verskeie poste is nog vakant.

## BRIEWE

Ook 'n mens: Te kras. (Red.)

# Uit die Woord

## Ware geloof lei tot algehele en voortdurende reformasie

*Rigters 6 : 25—32: Gideon word deur God geroep om die Baälsaltaar en die heilige boomstam af te kap en 'n altaar vir die Here te bou.*

*Die godsdienstige verval het in Israel reeds so ver gevorder dat daar 'n altaar vir die heidense god Baäl en 'n heilige boomstam op die grond van Joas, Gideon se vader, opgerig is. Israel het hulle God vergeet en in afgodery versink. Hulle kan hulself nie meer red nie.*

*In sy oneindige genade gryp God in die lewe van hierdie volk in. Gideon, een van die geloofshelde uit Hebreërs 11, word geroep om Israel kragtig te hervorm. Hy moet nie alleen die Baälsaltaar en die heilige boomstam vernietig nie, maar ook dadelik 'n ander altaar bou — vir die lewende God van hemel en aarde.*

*Algehele reformasie bestaan nie net uit breek met die sonde nie; nie net uit die afsterwe van die ou mens nie. Nee. Die reformasie is eers volledig wanneer 'n mens positief oorgaan tot die diens van die Here; die bekleding met die nuwe mens. Daar bestaan nie so iets soos 'n negatiewe Christen nie. 'n Ware Christen se ganse lewe dra die stempel van die positiewe stryder vir die koninkryk van God. Deur ons dade bewys ons waar ons staan. Gideon moes 'n geloofsdaad verrig om te bewys dat hy nie aan die kant van Baäl veg nie, maar vir die saak van die lewende God.*

*Maar dit was 'n geloofsdaad. Gideon het nie op sy eie krag vertrou in hierdie stryd nie. Deur die geloof sien hy op Christus, die Leidsman en Voleinder. Daarom pak hy hierdie stryd onbevrees aan. Want hy weet dat die uitslag reeds bepaal is. Hy is slegs die instrument in God se hand om mee te help in die stryd.*

*Ons dade, ons lewe in elke dag en in elke situasie, is die toets vir die egtheid, krag en inhoud van ons geloof. Die Baälsaltare van ongeloof en afgodery staan ook op ons grondgebied: in ons persoonlike lewe; in die studentelewe; in die kerklike lewe. As Christus, die Oorwinnaar oor dood en graf, die inhoud sowel as die dryfkrag van ons geloofslewe vorm, sal ons lewe 'n lewe van geloofsdade wees, in die Naam en in die krag van God, van heilige protes teen die ongeloofsmagte, van voortdurende reformasie „in U lig".*

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE-PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

# TWINTIGSTE INSTITUUT BY DIE P.U. GESTIG

**DIE RAAD van die Universiteit het op sy jongste vergadering goedkeuring verleen aan die stigting van die twintigste navorsingsinstituut aan die P.U. Die nuwe instituut wat volgende jaar volledig in werking sal tree, is die Instituut vir Kommunikasienavorsing. Dit sal deur die Departement Kommunikasie- en Perswetenskap beheer word.**

In beginsel is reeds goedkeuring verleen aan die inrigting van 'n laboratorium as deel van die nuwe instituut. Die voorneme is om die basiese drukkerytoerusting vir die laboratorium te verkry, sodat studente makliker met die basiese probleme van die publiseerkunde kennis kan maak. Die Taallaboratorium van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte sal mettertyd ook by die werk van die kommunikasielaboratorium betrek kan word.

Prof. G. J. Pienaar, hoof van die Departement Perswetenskap, het in 'n onderhoud gesê dat die dosering van praktiese joernalistiek en publiseerkunde tot dusver groot probleme meegebring het. Omdat op die kampus geen voorsiening vir kennismaking met die drukkersbedryf bestaan nie en die Potchefstroomse drukkerye nie vir werklike groot drukwerk bedoel is nie, moes die studente jaarliks na Johannesburg reis om eerstehandse kennis van die praktiese joernalistiek en ander kommunikasietegnieke op te doen.

Hierdie vorm van praktiese opleiding het nie ten volle in sy doel geslaag nie omdat studentegroepe te groot was. Baie studente, veral beurshouers, het ook geleentheid gekry om vakansiewerk te gaan doen voordat hulle ten volle opgelei was in die praktiese sy van die joernalistiek. Die koerante beskik verder ook nie oor genoeg opgeleide joernaliste om studente met hulle eerste praktiese probleme te help nie.

Dit is die strewe van sy Departement, het prof. Pienaar gesê, om alle basiese publiseertegnieke, van beriggewing tot radiowerk en van letterpers tot litografie, in 'n kampuslaboratorium te verenig.

Die redaksie van Die Wapad sal mettertyd genooi word om van die geriewe van die laboratorium gebruik te maak. Die versameling en versorging van kopie en die verkryging van foto's vorm reeds deel van die praktiese werk van die Perswetenskapstudente. Die Wapad sal ook hieruit voordeel kan trek.

Omdat fotografie en illustrasiewerk so 'n belangrike deel van die moderne joernalistiek uitmaak, sal by die laboratorium ook vir die basiese opleiding in fotografie voorsiening gemaak word. Dit is in elk geval 'n vaardigheid wat onafskeidbaar van die litografiese drukproses is, aldus prof. Pienaar.

## Dekaan in hospitaal



PROF. W. N. COETZEE

PROF. W. N. COETZEE, dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte, is Maandag in die Klerksdorpse Hospitaal vir waarneming opgeneem. Hy sukkel reeds 'n geruime tyd met sy gesondheid. Prof. Coetzee het siekteverlof tot 19 November 1970. Prof. J. H. Coetzee neem in sy afwesigheid as dekaan waar.

## RAADSLID TREE UIT

**DIE RAAD van die P.U. het op sy afgelope vergadering amptelik afskeid geneem van kol. I. J. Meyer. Kol. Meyer het weens hoë ouderdom en gesondheidsredes as lid van die Raad bedank.**

In 1919 is hy vir 'n termyn van drie jaar as Raadslid benoem en in 1956 is hy weer deur die Staatspresident benoem welke posisie hy tot vanjaar beklee het.

Op die gebied van die onderwys was kol. Meyer in Potchefstroom goed bekend. Hy was meer as vyftig jaar voorsitter van die Skoolraad van Potchefstroom. Benewens die feit dat hy een van die stigterslede van die P.O.K. was, het hy tot onlangs toe nog op die beheerraad van die P.O.K. gedien. Verder het hy ook op die beheerrade van die Hoër Volkskool en die Hoër Handelskool gedien.

Kol. Meyer is die kleinseun van pres. M. W. Pretorius. In die Tweede Vryheidsoorlog het hy in die staf van genl. Smuts gedien en 'n boek waarin sy oorlogservarings beskryf word, getitel „Storm Boere, storm", sal binnekort verskyn.

Op 88-jarige leeftyd het kol. Meyer nog as prokureur in Potchefstroom gepraktiseer, maar om gesondheidsredes het hy die tuig nou neergelê.


**PARADISE RESTAURANT**

- Dié kafee op die Bult met lugverkoeling
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86 Tel. 5474


## HUISKOMITEES

**Oosterhof:**
Hettie Coertzer (primaria).
Elsa Venter.
Cecile Kichner.
Rina Fourie.
Rika Wegner.

**Heide:**
Magda Brummer (primaria).
Ora Jacobs.
Almarine Smith.
Lies van Wyk de Vries.
Hettie Liebenberg.
Jene Fourie.
Elretha Meintjies.
Nina Venter.

**Karlien:**
Retha van den Berg (primaria).
Maryke van der Leck.
Hannie de Bruin.
Anette du Plessis.
Hannie de Kok.
Triena Roestorf.
Sandra Ferreira.
Riëtte Richards.

**Klawerhof:**
Hettie Steenkamp (primaria).
Tilla Maré.
Louise Adendorf.
Em du Plessis.
Lynette van der Merwe.
Regina Robbertse.
Mollie Buys.

**Liberalia:**
Tiaan Coetzee (primarius).
Jan de Kock.
Hennie Coetzee.

**Kulu:**
Koos Lee (primarius).
Hannes van Zyl.
Johan Wagner.

**Thaba Jäh**
Vic Botes (primarius).
Kadot van Heerden.
Ben van der Merwe.

**Kompleks**
Kobus van der Walt (primarius).

**Uitspan:**
K. van der Walt.
Tinie van der Walt.

**Heimat:**
Tinus van Rooyen.
Rolf Jordaan.

**Ons Huis:**
Lieb van der Walt.
Casper du Buisson.

**Haak-en-Steek:**
Fanie Leach.
Solly Thomas.

In die komende jaar gaan die huiskomitee van Hombré probeer om weer eens die goeie naam van die koshuis uit te bou tot nuwe hoogtepunte. Ons gaan ook probeer om die belangstelling van die studente te prikkel tot groter deelname aan die studentelewe. In hierdie verband kan ook gemeld word dat Hombré se posisie eintlik enig in sy soort is, omdat ons tot 'n groot mate in afsondering lewe. Geen vergelyking kan getref word tussen die gees in Hombré en in ander koshuise nie. Hierin sien die huiskomitee sy taak om hierdie unieke gees uit te bou tot 'n gesonde en doelgerigte gees.
Chris Schoeman (primarius).
Dawid van Rooyen.
Carl Dietzsch.
Ricks de Lange.
Piet Taljaard.
Patrys Schwartz.

## OOR DIE ONDERDEUR

Dagsê vrywillige onderdeur-lede! Met 'n vakansie op hande waartydens vele verloofdes verlore gaan raak vir die samelewing wil ek hulle voorspoed toewens. Vir wat? Natuurlik verlange na die Puk.

**Annemarie van der Walt** se verloofring juig, want **Willie Coetzee** en die ander ring kom binnekort. Nou wonder ek sommer, wanneer word **Louis Krüger** se eerste ring aan **Petro Coertze** twee?

'n Algemene uitnodiging na die troue van die jaar. **Johan Kruger** en **Hester du Plessis,** pa en ma van 1970, haak binnekort af en sê ons kan almal kom skitter in ons afwesigheid. Aan **Henk Coetzee** gaan ek 'n rugbybal as trougeskenk gee, **Marie Faul** sal seker verbande en kniestutte verwelkom, of is rugby na dese „uit die mode"? Voorspoed alle verloofdes.

Gehoor van die nuwe Alabama-vriendskap? **Johan van Rensburg** en **Rina Hugo** se Alabama-„vriendskap" gaan ook uitloop op 'n Alabama-troue! **Rudi (S.R.) van der Walt** reken dis 'n goeie voorbeeld en het vir hom en **Hester Grobler** solank plek bespreek vir die volgende Alabama-toer. Dit laat my wonder hoekom is ons duetpaar **Kobus van der Walt** en **Cornelia Jordaan** deesdae so stil, of is die volgende **plaat** op pad?

Ai, die Toyota-slepers van die PUK! **Tilla Maré** en **Proppies** (Pieter van Zyl) gun die arme ou bakkie nou nie eers 'n dag se rus nie.

Praat van rygoed! **Anton Grove** het ook 'n motor gekry ('n héle DKW) en nou sleep hy en **Gerda du Plessis** nóg beter. **Em du Plessis** glo weer hoe nader hoe beter en **Hannes** van Taba Jäh vind selfs die teerpad nog te breed.

**Rita Locke** en **Karel Maree, Flippie Lombard** en **Piet Fourie** om elke hoek en draai tussen Karlien en Liberalia kry mens hulle besig om speel-speel te speel. So ook **Wilma Lubbe** en **Arrie Hoogenboesem, Mila van der Walt** en **Paul Hoogendyk.**

**Anemie Badenhorst** en **Frans Kruger** en Heide se trappies is al sinoniem. **Tienie de Beer** se logiese argument is nog steeds **Martie** vir nou en altyd, **Kruger** vir nou maar defnitief nie vir altyd nie. **Apie Steyn** byt ook nog vas in Oosterhof by **Lucretia.** Jammer hy gaan volgende jaar skoolhou in Suidwes.

Geluk **Louisa! Geluk Hennie!** As **Louisa Adendorf** en **Hennie Coetzee** so bly uithang, moet ons hulle bekroon as die ideale paartjie. So het **Hettie Steenkamp** besluit dis reg genoeg, sy was lank „S.R.-weduwee" en nou kan **Neels Smit** weer „primwewenaar" speel.

Geldsake het blykbaar vir **Filma van Rensburg** laat kop krap en toe kry sy vir haar 'n penningmeester en daarby nogal **Tom Bisschof.** Lekker spaar julle twee!

**Louisa van der Vyver** se **Etienne Schalekamp** reken sy sal 'n goeie boervrou word. Louisa begin al Landbouweekblaaie bymekaarmaak.

Hoe rooier hoe mooier is nog steeds **Magda Fourie** se redenasie en hoe korter hoe beter onse **Nico du Preez** s'n. **Koos (Kaffer) Kruger** is deesdae 'n gesogte vrygesel of is dit 'n humoristiese vrygesel **Annelize Coetzee?** Koshuisdinees is darem wonderlike goed.

Groete ook aan **Gustav Röhrs** en **Retha Coetzee, Johan du Pissani** en **Klatie Slabbert** (gaan dit nog goed met julle opvoering „Ag de grote liefde?"). **Marlene Hulme** en **Hennie van Rensburg** het toe ook tot die voorlaaste stap oor gegaan. **Ronne Joubert** het moed vir die eksamens saam met sy **Petro** van Heide.

Hoe minder die papier hoe meer die name van die ou slepers. Lekker bly en miskien moet **Elna Viljoen** en **Jerry Coetzee** begin om te help dat ons meer plek vir al ons slepers kan kry. **Marieta Pelser** en haar **André Diamond** sal die voortou neem.

Voorspoed met die eksamens en oor 'n paar weke gaan ons mal op die gebied van sleep, sonlig en slaap. „Cheers" tot 25 November en totsiens tot volgende jaar.

„EKKE".

## DIE JEUG SE PROBLEEM

DIE KLEURLING is gekies as tema vir die 23ste Bondskongres van die Afrikaanse Studentebond wat gedurende Julie 1971 op die kampus van Stellenbosch plaasvind.

Aandag aan die historiese ontwikkeling, die huidige situasie en die toekoms van die Kleurling in Suid-Afrika sal aandag geniet. Verskeie sprekers is reeds op besluit. Die name sal later bekend gemaak word.


**SOMER- EN WINTERMATERIALE**

van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente

**BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM**

Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321

**„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."**

GEBAK DEUR

Turkstra BAKKERY

ook te kry by u kafeteria




ALLES is stil op die kampus — of is dit? Die ouens „swot" glo, en die asters gee voor om dieselfde te doen. Dit is net ek wat maar moet voortgaan om die tendense op die plaas te diagnoseer. Ek het geen meisie in die Kaap oor wie ek kan skryf nie. Ek het ook geen behoefte om op- of aanmerkings oor stoettroppies (eerbiedwaardig of andersins) te maak nie, en grondwette was nog nooit my geliefkoosde onderwerp nie. Kom ons gesels dan maar 'n slaggie oor onsself — een van die weinige onderwerpe waaroor die meeste van ons onderhoudend en sinvol kan gesels.

Wat 'n heerlike vakansiedag was die tiende Oktober tog nie! 'n Afdag! Aangesien ons dan te lui is om self iets daaraan te doen, wonder ek of ons eie plaaslike kampus-kultuurliggaam nie moontlik sy weg oopsien om vir ons 'n ietsie te reël nie — net so een keer per jaar op 10 Oktober. Ek meen, ons dra mos nie kennis van aksies wat in die buitewêreld aangebied word nie — en ons het ook buitendien nie motors om ons soheentoe te vervoer nie.

Van motors gepraat: dit was tog verrassend om te verneem dat hier so min motors op die kampus is (daarmee is die parkeerprobleem seker opgelos) en dit nogal van een van ons eie studente via 'n nasionale blad. En omdat hier nie motors is nie, gaan drink ons maar — te voet, natuurlik, en hande viervoet terug. 'n Pragtige logiese argument, vergelykbaar met 'n miskruier — net so agterstevoor en op dieselfde vlak.

Tog 'n wonderlike ding die telefoon. Ek meen, laat ministersvroue nou maar kla oor die telefoondiens, maar hier by ons is dit puik. 'n Mens skakel met die grootste gemak na die grootste stede, en dan ontvang jy op die koop toe nog vergoeding ook daarvoor, dit wil sê as die nuus wat jy meedeel so nuuswaardig is dat dit landswyd uitbasuin kan word. Veral op Sondae is sulke nuus die daaglikse brood. Iets gee my die idee dat party mense se lojaliteit teenoor ons ou plaas nie eers veldiep steek nie. Meer nog, party mense is maar al te bereid om hulle siel — en lojaliteit — te verkoop vir geld.

Het julle ook al die verdwaaldes hier op die kampus opgemerk? Dit is nou daardie klompie wat dink hulle is op Milnerpark by die popfees — dié met die laang hare (en die sandale in die eetsaal) en party selfs met „Beatle-snorre". Dis mos 'n kwessie van assosiasie; meng jou met die semels... Ek hoop tog dié verdwaaldes besef hulle is vreemdelinge in Jerusalem en dat hulle „vat-aan-my-dan-vatek-aan-jou-houding" niemand bangmaak nie.

Ek glo nie eers dit is nodig dat ons spesiaal Milnerpark toe moet ry nie — hier by ons is genoeg wat smekend vra vir 'n haresny. Sal ons hulle broederlik tegemoetkom?

Reflektor.


## A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou
Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074



## CACHET APTEEK

DIE STUDENTE-APTEEK

Agente vir:

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPERPARATE

TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens

FOON 4201

TOMSTRAAT 92.

Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.



## Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5038




Die winkel waar die kieskeurige dames koop.


# Frik du Preez by Karnaval 71

UIT die tentatiewe program blyk groot planne vir volgende jaar se Karnaval wat van 27 April tot 1 Mei plaasvind.

Mnr. Frik du Preez sal genader word om die openingsrede te hou. 'n Reuse-aanbieding op die Olënpark word ook in die vooruitsig gestel. Daarbenewens sal die gebruiklike waatlemoenfees, ligte konserte en die motortydren plaasvind. Militêre orkeste en polisieruiters sal die geleentheid opluister. Boeresport en damesrugbyspanne is ook op die program. Die Karnaval sal afgesluit word met 'n swierige onthaal.

# ONTMOET: F. VIEJIEU



*MNR. FRANCOIS VIEJIEU is deur die Franse ministerie van onderwys na Suid-Afrika as „cooperant" gestuur om aan die P.U. vir C.H.O. tydelike onderrig in Frans te gee.*

*Dit is die eerste keer dat 'n universiteit in Suid-Afrika van buitelandse diens gebruik maak by die dosering van 'n vak.*

*Mnr. Viejieu is in Parys gebore en het sy hoërskoolopleiding daar aan 'n Protestantse kollege ontvang. Daarna is hy na die Straatsburgse universiteit, waar hy tans nog besig is met sy M.A.-studie.*

*Hy is afkomstig van 'n Protestantse-Gereformeerde familie van La Rochelle en sy vader is 'n besturende direkteur van 'n skeepvaart maatskappy.*

*Die huidige Franse ambassadeur in Suid-Afrika, baron Philip Deluze en die voormalige Franse premier, is neefs van hom en hy korrespondeer tans met laasgenoemde.*

*Hy het talle lande in verband met sy studies besoek en was onder andere al in die V.S.A. en in Engeland tydens vakansies vir studie-navorsingswerk.*

*Mnr. Viejieu is veral in die joernalistiek geïnteresseerd. In 1969 was hy dan ook in Johannesburg aan 'n koerant verbonde.*

*Hy is deur die Raad van die P.U. tot die einde van 1972 aangestel, maar is van plan om na die verstryking van sy termyn in Suid-Afrika vir 'n ruk in die land te bly.*

*Suid-Afrika se sonnige klimaat het hom baie beïndruk. Hy meen dat Suid-Afrika baie ontwikkelingsmoontlikhede het. Hy is oortuig dat Suid-Afrika oor die algemeen baie meer konserwatief is as die Europese lande.*

## SPORTUITSLAE

**Krieket: Koshuisliga-uitklopfinaal**

Dorpstudente 126 (Van der Walt 78 n.u.n.); Drakenstein A 104 (Theron 35, Cilliers 8/29).

**Uitklopliga: Finale stand**

1. Dorp, 2. Drakenstein A, 3. Over de Voor, 4. Kompleks, 5. Hombré, 6. Drakenstein B, 7. Dawie du Plessis.



Veelsydige Hybré de Lange doen dit oor die dwarslat sonder om te blik of te bloos.

(Foto: Fotokuns)

# S.A. REKORD GEËWENAAR

**HYBRÉ DE LANGE het vir 'n groot verrassing gesorg toe sy die S.A.-rekord vir die 110 meter hekkies geëwenaar het tydens die Noordelike Universiteite byeenkoms om die Matt Mare-trofee. Die trofee is deur Tuks verower.**

Sy het die rekord van Moira Joubert van 14 sek. geëwenaar en in die proses met sowel Annatjie Boltman as Moira Joubert afgereken. Teen 'n ligte wind in het sy 'n tyd van .3 sek. vinniger as haar vorige beste aangeteken. Sy het ook die hoogspringtitel ingepalm met 'n wenhoogte van 5' 4".

Dawid Booysen, wat na verneem word, weer volgende jaar sy studies aan die Puk gaan voortsit, het die S.A.-gewigstootrekord opgeskuif na 62' 8¾".

Ruanda Jacobs het haar beste tyd in die 100 meter vir vroue behaal toe sy tweede was met 'n tyd van 11.8 sek. Nadat sy verlede seisoen gesukkel het om goeie tye te behaal, is sy nou weer op dreef.

Johan Hunter, wat die vorige Saterdag die S.A.-rekord in die driesprong verbeter het na 51' 1", moes hom na een sprong onttrek weens 'n beseerde enkel. Sy 48' 11½" het egter aan hom 'n tweede plek besorg.

# VERSKEIDENHEID TEGNIEK EN MEDIA

**DIE DEBUUTUITSTALLING van Titia Ballot, 'n plaaslike kunstenares, het besondere aandag getrek. Die uitstalling van grafiese werk en tekeninge is vanaf 29 September tot 13 Oktober deur die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging gehou.**

Professor T. T. Cloete, verbonde aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, het die opening waargeneem en het onder andere opgemerk dat Titia Ballot se uitstalling gekenmerk word deur 'n groot verskeidenheid van tegnieke en media. Die uitstalling het bestaan uit werke wat dateer vanaf haar studentejare tot heel onlangs.

In besonder kan verwys word na haar rietpensketse, waaronder „Warm Koffie" en haar dieresketse wat spesiale vermelding vereis.

Die syskermdrukwerk, nog redelik onbekend, is ook uitstekend en tref. Sy gebruik hierdie tegniek veral in stillewes en landskappe.

In die Teaterreeks is besondere inisiatief aan die dag gelê, veral in die funksionele aanwending van kleur. Dit is 'n reeks werke waarin die grimering van 'n nar in vyf stappe uitgebeeld word. Dit sal 'n besondere aanwins vir die Departement Spraakleer en Drama wees.

Sy het haar verder onderskei deur haar portretstudies „in conte", waaronder 'n selfportret, asook studies van bekende Potchefstromers.

Daar is 'n duidelike toenemende beheersing van haar media sigbaar vanaf haar jeugjare tot nou. Die verskeidenheid van media en onderwerpe lei in 'n mate daartoe dat sy haar identiteit as kunstenaar prysgee. Sy beheers elke medium egter so suksesvol dat dit lyk asof sy haar met ewe groot welslae op enige gebied kan toespits.

In geheel getuig die uitstalling van uitstaande werk waarop die kunstenares met reg trots kan wees. Nog veel van haar kan in die toekoms verwag word.

# ATLETE GAAN OP TOER

MNR. GAWIE VAN ECK, voorsitter van die S.S.B. en kaptein van die P.U. Atletiekklub, het bekend gemaak dat 'n kort toer vir die Pukatlete beplan word. Dit sal voor die jaarlikse Dalrymple, wat vanjaar in Bloemfontein gehou word, plaasvind.

Die toer sal byeenkomste op Pietermaritzburg, Standerton en Durban insluit. Meer as net die twaalf mans- en agt damesatlete wat aan die Dalrymple kan deelneem, sal die toer meemaak.

Die Dalrymple vind op 4 en 5 Desember plaas. Op 7 Desember word 'n byeenkoms tussen die S.A. Universiteite-atletiekspan en dié van die Vrystaat gehou. Die span is nog nie saamgestel nie. Atlete wat tot dusver die seisoen presteer het is:

**Dames:**

Bea Marais, Hybré de Lange, Ruanda Jacobs, Cecile Malan en Anna Venter.

**Mans:**

Fanie van Zijl, Johan Hunter, Gawie van Eck, Hans Booysen, Willie van der Westhuizen, George Mülder, C. Vermaak, M. van Eeden, S. van der Walt en S. Kotzé.

# Spo[illegible]is[illegible]tu[illegible] hou pu[illegible]k afsluitingsfunksie

**„AS SUID-AFRIKA vandag sy sportbande met die buiteland wil behou, sal hy moet wen, want dit is al wat vir hom daardie deure sal oopmaak", het mnr. Johan Claassen, afrigter van die Springbokrugbyspan, tydens die vyfde jaarlikse afsluitingsfunksie van die Sportinstituut gesê.**

Verder het mnr. Claassen gesê dat die Springbokke in die afgelope toetsreeks die wil gehad het om te wen. Deur die foute van die All Blacks uit te buit, kon hulle met goedbeplande spel die toetsreeks in Suid-Afrika se guns beklink.

Volgens hom is dit ook jammer dat sport en politiek vandag so vermeng is en dat politiek so 'n oorheersende rol speel. Hy het ook die versekering gegee dat die beplande rugbytoer na Nieu-Seeland wel in 1973 sal plaasvind.

Professor W. N. Coetzee, wat 'n heildronk op die Sportinstituut ingestel het, het die instituut geluk gewens met die sukses wat daar reeds behaal is. Hy het gesê dat baie meer gedoen is vir die bevordering van sport en sportgeriewe aan die Puk as wat aanvanklik verwag is.

Die Puk is die enigste Universiteit met so 'n instituut. Die goeie vordering aan die nuwe sportterrein by die Oude Molen asook die prestasies van ons sportmanne is sprekende voorbeelde hiervan.

Die Puk het vanjaar drie Springbokke opgelewer, nog vyf Pukke het die S.A.-span gehaal, sewe die Protea-span, twee Noordelike Universiteite en nege-en-sewentig het Wes-Transvaal verteenwoordig in verskeie sportsoorte.

Fanie van Zyl is vir die tweede agtereenvolgende jaar aangewys as „Sportman van die Jaar". Sy prestasies was 'n tyd van 1 min. 45.6 sek. oor die 800 meter in April op die tartanbaan van die Pildichstadion in Pretoria. Dit was sy



*Mnr. Johan Claassen wat die gasspreker was tydens die afsluitingsfunksie van die Sportinstituut op 16 Desember 1970.*

beste tyd dusver en die vinnigste in die wêreld vanjaar. In Maart het hy op dieselfde baan die 1 myl in 3 min. 59 sek. afgelê. Hy was toe die eerste atleet in Suid-Afrika wat die myl in die binneland in minder as vier minute afgelê het.

Die verskillende wisseltrofeë is aan die volgende persone toegeken:

De Klerk-wisselbeker:
Nico Botha.
Corrie van Rooy-wisselbeker:
Bea Marais.
C. de Jager-wisselbeker:
Nico Botha.
Pepsi-Cola-wisselbeker:
Heloïse Burger.
Judo-wisselbeker:
Hannes van Zyl.
Davy Robertson-wisselbeker:
Hybré de Lange.
Landloop-wisselbeker:
Johan Kruger.
Wapenmeesterskild:
Hennie Coetzee.
Damesfloret:
Tersia Strydom.
Presidentsmedalje:
C. Venter en B. Bernardo.
George Booyens-wisselbeker:
Mans: Dorp en Over de Voor.
Dames: Klawerhof.

Die volgende persone het Erekleure ontvang:

**Atletiek:**
J. Hunter.
K. van der Colff.
M. van Eeden.
H. Booysen.
K. van der Walt.
R. van den Berg.
R. Jacobs.
H. de Lange.
**Gimnastiek:**
F. Brisley.
S. Henning.
**Hokkie — Dames:**
B. Lordan.
J. Slabbert.
P. Pretorius.
**Korfbal:**
D. van Dyk.
E. de Wet.
**Krieket:**
P. Schlebush.
A. Laas.
**Landloop:**
J. Kruger.
F. Schutte.
A. Taljaard.
**Pluimbal:**
J. O'Connor.
L. van Wyk de Vries.
**Rugby:**
T. van Eck.
H. Coetzee.
H. Coetzee.
**Skerm:**
S. Green.
**Stoei:**
B. Smith.
K. Ferreira.
**Tennis:**
E. Ferreira.
P. de Villiers.
R. Fourie.
**Trampolien:**
J. Verster.
M. Wissing.

# Breedt en Welman W. Reefs se tiere

**SKITTERENDE vertonings deur veral Nic Breedt en Anton Welman het die afgelope naweek daarvoor gesorg dat Puk sy eerste wedstryd in die Wes-Transvaalse krieketliga teen Western Reefs oortuigend op die eerste beurt gewen het. Reën het die spel 45 minute vertraag en die mynspan van 'n gewisse nederlaag gered.**

Die wedstryd op Orkney het stadig afgesit en die Pukke, wat eerste gekolf het, het die lopies stadig laat inrol. Kaptein André Laas en Fantie Loots het later die krane begin oopdraai en die vyftigtal het na 89 minute op die telbord verskyn.Loots (60) en Laas (42) het 'n stewige fondament gelê. Nic Breedt het hierop voortgebou; in 'n skrale 56 minute het hy 81 skitter-lopies gemoker (waaronder twee sesse). Die beurt is gesluit verklaar op 202/7 met Breedt nog steeds voor die penne.

Western Reefs was gelukkig om nie in die laaste 40 minute van die eerste dag se spel 'n pen te verloor nie. Teen uitskeityd was hulle telling 26 sonder die verlies van 'n paaltjie.

Verlede Saterdag het die opponente aanvanklik goed vasgeskop in hul eerste beurt, maar op 'n klam blad het wegbreker Anton Welman verwoesting onder hul kolwers gesaai en vyf manne laat stap vir slegs 14 lopies. Laas, wat 'n goeie wedstryd gehad het, het Welman goed bygestaan met 3/25,, nieteenstaande twee maklike vangskote wat van sy boulwerk verbrou het. Western Reefs is uitgehaal vir slegs 84 lopies en moes gevolglik opvolg.

Reën het gedurende die middag herhaaldelik die spel onderbreek.

In die mynspan se tweede beurt het dit nie juis veel beter gegaan nie en paaltjies het met 'n eentonige reëlmaat geval. Weer eens was dit Welman wat feitlik onspeelbaar was en sy vier penne het hy vir 'n verlies van net 32 lopies platgetrek. Laatmiddag het Barr ((22 n.u.n ) en Lellyet (20) hardnekkig weerstand gebied in uiters swak lig en teen uitskeityd was Western Reefs diep in die moeilikheid met 7 manne terug in die paviljoen vir 101 op die telbord. Reën het die tuisspan van 'n regstreekse nederlaag gevrywaar.

Hoewel Western Reefs nie juis 'n krag in Wes-Transvaalse krieket is nie, het die wedstryd die krieketkrag van die Puk duidelik onderstreep. Ná hul skitterende 4 paaltjie-oorwinning oor Tukkies vroeër dié seisoen is die manne op 'n verwoestingspad en die „grotes" in Wes-Transvaalse krieket kan hulself regmaak om tot die uiterste beproef te word.

Puk se tweede span wen Klerksdorp op Witrand op die eerste beurt. Philip Smit (61) is die uitblinker in dié wedstryd.


DIE WAPAD
bied u
hope kanse om
in die studentelewe
te *dien* én u *uit*
*te leef.*
Aansoeke om in die redaksie opgeneem te word kan gerig word aan
**Die Hoofredakteur, P/a Studenteraad.**


## BIBLIOTEEK SE BEROEP

★ *Vervolg van bladsy 1*

dag, 21 Oktober 1970, streng toe te pas.

Tot dan kan leners agterstallige boeke inhandig sonder om boete te betaal, maar daarna sal boete op alle agterstallige boeke gehef word. In gevalle waar die boeke baie lank uitstaande is, sal rekenings vir die vervanging daarvan aan die betrokke leners gestuur word.

'n Ander probleem wat ondervind word, is dat gebruikers soms boeke „leen" sonder om die lening by die uitleentoonbank te registreer. Ook op hierdie „leners" word 'n beroep gedoen om die „geleende" boeke terug te bring.


after action satisfaction








alive with flavor


# GESLAAGDE SEISOEN VIR P.U.-RUGBYKLUB

**PROF. S. P. VAN DER WALT het op die jaarlikse afsluitingsfunksie van die P.U.-rugbyklub die manne geluk gewens met 'n geslaagde seisoen wat agter die rug is.**

Theos het vir goeie vertonings gesorg en die tweede agtereenvolgende jaar U.O.V.S. in die intervarsity op ondubbelsinnige wyse geklop.

In die Wes-Transvaalse liga het die rugbyklub goed presteer en weer die Krekeinsbeker vir die beste puntestand in die senior liga verwerf.

Drie van die vyf spanne het bo in hulle onderskeie ligas geëindig. Die tweede span het die TOD SUTTIE-beker en die vierde span die STRATHVAAL-beker verower, terwyl die 0/20-span die BARNARD-beker met R.P.M. deel.

Die Presidentsmedalje vir die speler wat die beste vordering gemaak het is gesamentlik toegeken aan Charles Venter en Bernard Bernardo.

In die koshuisliga was die kompetisie besonder straf en moes uitspeelwedstryde in sowel die A-liga as die B-liga plaasvind. Drakenstein het die A-liga gewen en Over de Voor het in die B- en C-liga koning gekraai.


Geniet
WILLARDS-SKYFIES
Asook
KAASKRULLE,
FLINGS,
SPRINGMIELIES,
en
SKYFIES



DIE BULT DROOGSKOONMAKERS
Spesiale diens
Voor 12 vm. dieselfde dag
Kollektante in koshuise



Die dames van die departement Liggaamlike Opvoeing neem deel aan die Lenteloop. Dié poging het nie saamgeval met die massaloop nie.

(Foto: Fotokuns)

# OUETEHUIS EN PUK

**DIE BELANGSTELLING in die lenteloop wat Saterdag 3 Oktober op Potchefstroom plaasgevind het, vergelyk baie gunstig met die van ander dorpe en stede deur die land en dit word as 'n reuse sukses beskou.**

Volgens professor D. P. J. Smith, hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit, het die ouetehuis, Ons Hulde, beter as die Puk presteer deurdat 25% van hul inwoners gestap het, teenoor 7% P.U.-studente (dit is 232 studente). Die bejaardes van Ons Hulde was tussen die ouderdomme 75 en 85. Hulle deelname is moontlik gemaak deur die Onderwyskollege wat aangebied het om hulle na die stadsaal te vervoer, waar hulle wegespring het. Ook kleuters onder vyf jaar het gestap en elk sy brons medalje verwerf.

Professor Smith, die organiseerder, het gesê die doel van die lenteloop is om die Suid-Afrikaner fiksheidbewus te maak: „Om meer te stap en minder te ry".

Op Potchefstroom is die dag gekenmerk deur puik organisasie, wat moontlik gemaak is deur die hulp van die studente en dosente van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde. Die S.A. Noodhulpliga asook die Rooikruis- en Weermagambulanse het gehelp om seer voete te behandel. Verkeersbeamptes van die Potchefstroomse Stadsraad sowel as van die Transvaalse Provinsiale Administrasie het die orde langs die roete gehandhaaf.

Die 1,610 mense wat deelgeneem het kon tussen drie moontlike roetes kies. Die wat vir 20 kilometer kans gesien het, kon vanaf die Dam met die pad verby die Potchefstroom Inryteater langs na die stadsaal, en vandaar reguit terug na die dam stap. Persone wat nie kans gesien het om 'n goue medalje te verwerf nie, kon 10 kilometer stap. Hulle roete was vanaf die Dam reguit na die stadsaal en terug. Die 5 kilometer roete was vanaf die stadsaal reguit dam toe.

Die Pukke het 'n totaal van 4,545 kilometer gestap — ongeveer driekeer Kaapstad toe — teenoor Pote se 6,720 kilometer afgelê deur 334 stappers.

Van die P.U.-koshuise was Klawerhof die beste verteenwoordig. Die koshuisinskrywings was soos volg:

| | |
|---|---|
| Klawerhof | 21 |
| Heide | 17 |
| Karlien | 13 |
| Drakenstein | 10 |
| Kompleks | 10 |
| Dawie du Plessis | 8 |
| Over de Voor | 8 |
| Hombre | 7 |
| Oosterhof | 4 |
| Departement Liggaamlike Opvoedkunde | 43 |
| Teologiese Skool | 1 |

90 studente het nie hulle koshuise aangedui nie.

Die lentelope vind landswyd plaas en word gereël deur die Departement Sport en Ontspanning. Daar is beraam dat sowat 500,000 mense sou deelneem, maar die getal is reeds oorskry. 17 Oktober loop die lentelope ten einde, wanneer ook van die Potchefstroomse skole stap.

'n Aangename gees het tydens die stappery geheers en die mense is so beetgepak deur die idee van die lenteloop dat daar gevoel word dat dit 'n jaarlikse instelling behoort te word.



Johan Hunter in aksie.
Foto-Fotokuns.

## HENGELKLUB GESTIG

OP Donderdag-aand 8 Oktober is daar 'n hengelklub aan die P.U. gestig. Sover vasgestel kan word is dit die eerste keer in die geskiedenis van ons Universiteit dat daar so 'n klub gestig word.

Die stigtingsvergadering het onder groot belangstelling verloop. Die klub begin met 25 lede. Groot jaarplanne is in die vooruitsig gestel. Daar word beoog om op inter-koshuisbasis kompetisies te reël, asook kompetisies teen ander klubs. Die klub beoog om later met die Wes-Transvaalse Hengelunie te affilieer.

# PUKKE WAT PRESTEER

# JOHAN HUNTER

**JOHAN HUNTER, tweedejaar B.Comm.-student en alsydige sportman van die Puk het onlangs die Suid-Afrikaanse senior driesprongrekord met drie duim verbeter na 51 vt. 8 dm. Die rekord het sewe jaar agter die naam van Owen van Niekerk gepryk.**

Hy het hierdie prestasie behaal toe hy saam met Bea Marais, Hybrie de Lange en Fanie van Zyl uitblinkers was op die proewe vir die kies van 'n „span van indiwidue" wat in November aan die Pierre de Coubertinbyeenkoms in Argentinië gaan deelneem.

Johan het sy sportloopbaan aan die Hoërskool Port Natal in Durban begin toe hy twee agtereenvolgende jare die Durbanse skolerugbyspan in die 0/14-afdeling verteenwoordig het.

In 1966 verteenwoordig hy die Natalse skolerugbyspan op die Craven-week. Hy word ook gekies om vir Natal teen die besoekende Wes-Duitse Junior Atletiekspan deel te neem en behaal 'n derde plek in die verspring. Die volgende jaar word hy die Natalse 0/17-verspringkampioen en verower die S.A. juniortitel in hierdie nommer. Hy stel ook 'n inter-distriksrekord op vir die driesprong en verteenwoordig weer die Natalse skolerugbyspan op die Craven-week.

Gedurende 1968 sluit hy by die Suid-Afrikaanse Polisie aan en behaal 'n vierde plek in die driesprong op die S.A. Junior Atletiekkampioenskappe. Hy speel ook vir Noord-Transvaal se 0/20-rugbyspan.

Met sy intrapslag op universiteit verlede jaar, slaan Johan die Puk se 0/19 driesprong- en verspringrekord. Hy word Suid-Afrika se 0/19-driesprongkampioen en behaal 'n tweede plek op die S.A. Senior Atletiek-kampioenskappe.

Tydens die S.A. Spele verower hy 'n silwer medalje vir driesprong in die senior item en 'n eerste plek in die junior afdeling. Hy word dan ook gekies vir die Junior Springbokspan na Rhodesië.

Op die Dalrymple-byeenkoms slaan hy die S.A. junior rekord in die driesprong, maar dit word nie erken nie omdat hy in die senior afdeling meegeding het. Volgens 1968 se statistieke het hy die twaalfde plek op die wêreldranglys beklee.



JOHAN HUNTER
Foto-Fotokuns.

Vanjaar verbeter hy die Puk se verspringrekord wat twintig jaar gelede opgestel is en ook die driesprongrekord.

Hy word die Suid-Afrikaanse driesprong kampioen op die S.A. Atletiek-kampioenskappe, met 'n sprong van 50' 9", net 1" korter as die S.A. rekord. Hy behaal ook 'n afstand van 24' 3½" in die verspring, sy beste ooit.

Benewens sy atletiekprestasies het hy ook vanjaar gereeld vir die Puk se 0/20-rugbyspan losskakel gespeel en is ook gekies om die Wes-Transvaalse 0/20-span uit te draf.

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons PLESIER!
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



U kan gerus u bande versool by . . .
GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK
Groot voorraad
★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die
★ GOODYEAR G 800 loopvlak
LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)